Hoërskool Sand du Plessis

POSBUS 32015
FICHARDTPARK
9317

PASTEURRYLAAN
BLOEMFONTEIN

☎ 051 522 4071
admin@sannies.co.za

24 April 2020

Geagte Sanniesouers en -voogde

COVID-19 GRENDELSTAAT

Ons land is reeds vir vier weke in 'n grendelstaat en as alles goed verloop, behoort die gr. 12-leerders aan die begin van Mei te kan terugkeer skool toe. Die nasionale departemente van Onderwys en Gesondheid sal egter die laaste sê hê. Die skool se bestuurspan en beheerliggaam het reeds baie werk gedoen om te beplan vir die heropening van die skool.

U kan intussen die volgende voorbereidings tref:

1. Elke leerder gaan verantwoordleik wees om sy/haar eie masker te voorsien en daagliks te dra.
2. Elke kind moet, indien moontlik, ook handreiniger saambring skool toe.
3. Moet onder geen omstandighede u kind skool toe stuur indien hulle, of enige ander persoon met wie hulle in kontak was, tipiese simptome soos 'n droë hoes, hoofpyne, koors, lyfseer, diarree of keelseer nie.
4. Elke leerder moet toesien dat 'n afstand van 2m tussen persone gehandhaaf word.

Ons beplan om kritiese areas soos klaskamers, badkamers en die bussies gereeld te laat ontsmet.

VOLTOOIING VAN DIE KURRIKULUM

Dit is tans 'n ope vraag oor watter veranderinge/inkortinge aan die kurrikulum gedoen gaan word. In kort, niemand weet nie. Die gr. 12-eindeksamen is egter die hoogste prioriteit en ons versoek dat alle gr. 12-leerders en hulle ouers hard sal werk sodat ons kinders voldoende voorbereid sal wees vir die eindeksamen. Daar gaan in die komende maande baie opofferinge gemaak moet word deur onderwysers, leerders en ouers om hierdie akademiese jaar suksesvol te voltooi.

Ek kan u verseker dat elke onderwyser reg is vir die groot taak op hande.

WAARDETOEVOEGING DEUR DIE ONDERWYSERS

Ons onderwysers het ongelooflik baie moeite gedoen die afgelope weke om te verseker dat u kind akademies kan vorder. Ons besef dat alle leerders nie noodwendig genoegsame toegang tot data het nie, maar ons doen wat ons kan onder omstandighede om u kind te begelei.

In kort, ons skool se fisiese hekke is dalk tans gesluit, maar die skool is beslis nie gesluit nie! Ons werk tans baie hard om u kind akademies te begelei.

DANKIE VIR AL DIE LEERDERS EN OUERS WAT IN MOEILIKE OMSTANDIGHEDE HULLE BES DOEN OM TE SORG DAT ONS LEERDERS OP DATUM BLY MET DIE AKADEMIE. ONS WEET DIT IS NIE ALTYD MAKLIK NIE MAAR ONS WAARDEER DIT OPREG.

BETALING VAN SKOOLFONDS

Ons het baie begrip daarvoor dat daar ouers/voogde in ons skool is wat tans geen inkomste het of 'n baie kleiner inkomste verdien. Ek versoek hierdie ouers om my per epos te kontak by willem@sannies.co.za om reëlings te tref vir 'n grasie betaling van die skoolfonds. Ons versoek alle ander ouers/voogde om u kind se volle skoolfooi van R 1450 per maand getrou te betaal sodat die skool ook al sy finansiële verpligtinge kan nakom, wat onder andere die volgende insluit:

1.	Salarisse aan 8 onderwysers, 2 sekretaresses en 7 werkers. 17 mense in totaal:	R 200 000 p.m.
2.	Huurkoop op twee bussies:	R 10 000 p.m.
3.	Fotostaatmasjien en CCTV-kontrakte	R 50 000 p.m.
4.	Mangaung en Centlec	R 20 000 p.m.
5.	Korttermynversekering	R 12 000 p.m.
6.	Petrol en diverse uitgawes	R 20 000 p.m.
	TOTAAL	**R 312 000 PM**

Ons skool kan nie funksioneer sonder u bydrae nie en ek kan u verseker dat elke sent wat gespandeer word, tot voordeel van u kind aangewend word. Ons skool sal nie kan voortbestaan in sy huidige vorm indien al ons ouers nie hulle finansiële verpligtinge nakom nie.

Betaal asseblief u kind se skoolfonds elektronies in die skool se bankrekening of gebruik gerus u bank se "App"

BANK BESONDERHEDE:

Hoërskool Sand du Plessis
Standardbank
Tjek rekening: 041 911 741
Takkode: 055 534
Verwysing: Toelatingsnommer of Leerder se naam, van en klas

BAIE BAIE DANKIE VIR DIE OUERS WAT HUL VERPLIGTINGE IN HIERDIE MOEILIKE TYE GETROU NAKOM. ONS WAARDEER DIT OPREG!

TEN SLOTTE

U kan my gerus kontak per Whatsapp by 084 302 6593 indien u enige navrae of probleme het.

Vriendelike groete.

Willem du Buisson
Skoolhoof